TERRORISMEVERHOOR:

Timol se ‚vuil werk' is deur baie gedoen

Pretoriase Personeel

PRETORIA — Timol het verskeie mense genader om sy „vuil werk" vir hom te doen, het Josuf Essack gister gesê na aanleiding van 'n aantal briewe wat hy vir Timol gepos het.

Essack, die tweede beskuldigde in die terrorismeverhoor wat in die Ou Sinagoge gehou word, is gister die hele dag deur adv. J. E. Nöthling in kruisverhoor geneem.

Hy het gesê hy het Timol by twee geleenthede 'n guns bewys deur briewe vir hom te pos. Hy was nie bewus van die inhoud daarvan nie en was onder die indruk dat dit in verband met Timol se posbestellingsdiens was.

Timol was glo nie 'n goeie vriend van Essack nie. Essack het nie van sy drinkgewoontes gehou nie omdat hy dan 'n las van homself gemaak het. Ook was Essack nie van Timol se politieke belangstelling bewus nie en het nooit oor politiek met hom gepraat nie.

„Ek stel dit aan jou dat 'n persoon wat dinge soos Inkululeku (die kommunistiese pamflet) het, dit nie aan 'n vreemdeling sou oorhandig nie," het adv. Nöthling gesê.

„Ek het dit as 'n guns gedoen", het besk. geantwoord.

Essack het geen politieke wending verwag nie en sou nie bereid wees om Timol te help as hy so 'n wending wou bevorder nie. „Ek het 'n aktiewe en gelukkige lewe gevoer en het my nie aan dié soort dinge gesteur nie. Dit het ek aan ander mense oorgelaat wat hulle daarmee wou bemoei," het Essack gesê.

Hy het ontken dat Timol hom genader het om bewysboeke in die hande te kry en het nog minder bewysboeke aan hom oorhandig soos 'n vroeër staatsgetuie beweer het. Hy het ook die eerste keer in die hof van die Inkululeku gehoor.

Die verhoor duur voort.